

Wag op die Here! 1

1. **Die God van ons verlossing**

Net by God vind ek rus, van Hom kom my verlossing.
Psalm 62:2 (AFR20)

Redding kom van God en is volledig sy werk. Daarom is dit ons

eerste en hoogste roeping om in Hom ons rus te vind en te doen wat Hom behaag. Net só kan ons Hom as die God van ons heil volledig ken. Alles wat keer dat ons God se verlossing ten volle ervaar, spruit voort en hierdie een saak: jy weet nie hoe om in God rus te vind nie.

God het die mens geskep om ’n instrument te wees waardeur sy krag en goedheid sigbaar word. Ons was nie veronderstel om in onsself ’n fontein van lewe, krag of geluk te hê nie. Ons is geskep om in afhanklikheid van God te leef. Ons vreugde is om elke oomblik uit die oorvloed van God te leef.

Met die sondeval het die mens nog meer afhanklik van God geword. Die enigste hoop wat hy het om verlos te word, lê in God, en in sy krag en genade. En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees as God se eerste gawe ontvang het, sug innerlik., terwyl ons uitsien na ons aanneming tot kinders, die bevryding van ons liggame (Romeine 8:23 AFR20). Maar selfs in die herskape mens is daar geen krag of goedheid nie. Ons het niks wat ons nie ontvang het nie. Daarom is dit net so noodsaaklik om op te God wag en rus in Hom vind, as om asem te haal.

Baie Christene besef nie dat hulle brandarm en hulpeloos voor God is nie. Daarom dink hulle ook nie dis nodig om absoluut en voortdurend op God te vertrou nie. Vir hulle wat egter uit God se sorg begin leef, word die rus in God die hoogste hoop en vreugde.

Net by God vind ek rus, van Hom kom my verlossing. Eers vind jy by God rus. Dan leer jy dat die redding wat God gee, jou help om op Hom te wag. Dan ontdek jy wat beter is – wag op God is in sigself die hoogste redding, want daardeur ontdek jy dat Hy alles is. Mag God jou die kuns van rus in Hom leer!

Onlangse Bydraes

- Potifar se vrou, wat nie met haar lyf en haar luste raad

geweet het nie

- Tamar, die vrou wat haar eie skoonpa verlei het
- Joh 12:12-19 Verras deur die Man op die geleende donkie
- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026